Hoe om die Voortrekkers se verjaarsdag (stigting) te vier

Die Voortrekkerbeweging is gestig op 30 September 1931. Hierdie is ’n lekker aktiwiteit om met ’n kommando (PD’s en Verkenners) te doen om die Voortrekkers se verjaarsdag te vier.

? Stappe

1. Begin deur te vra hoe oud die Voortrekkerbeweging is.
2. Vertel kortliks die geskiedenis van die stigting van die Voortrekkerbeweging.

Alhoewel dr. C.F. Visser reeds in 1913 begin planne maak het vir die stigting van 'n Afrikaanse jeugbeweging, het dit eers in 1920 tot uitvoer gekom. Die eerste kommando is in Bloemfontein gestig, aan die skool wat vandag die Sentrale Hoërskool heet. Heeltemal losstaande hiervan het mnr. Japie Heese in 1923 ook ’n kommando op Graaff-Reinet gestig en mnr. De Wet Laubscher een op Nieuwoudtville.
In hierdie tyd begin daar onderhandelings met die Boy Scouts om te poog om ’n gemeenskaplike basis vir een enkele jeugbeweging te vind. Hierdie pogings, wat verskeie jare lank duur, stort egter elke keer in duie oor kwessies soos die vlag, die belofte en die amptelike taal vir so ’n gesamentlike beweging.
Op 30 September 1931 word Die Voortrekkers eindelik amptelik gestig, en lyf die destydse Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog die eerste Voortrekkers te Bloemfontein in. Aangesien dr. C.F. Visser verantwoordelik was vir die stigting en die naam vir ons jeugbeweging, staan hy bekend as Vader Visser, die Vader van Die Voortrekkers. Dr. N.J. van der Merwe word in 1931 as die eerste Hoofleier van Die Voortrekkers verkies.

3. Elke span bring ’n koek, versiersuiker en versierings. Versier die koek volgens enige Voortrekkertema.
4. Die spanne het 30-45 minute om die koek te versier.
5. Die “skeppings” word beoordeel nadat die tyd verstreke is.
6. Die beoordelaars lewer kommentaar oor die “skeppings” en kondig die wenspan aan.
7. Die spanlede eet die koek!
8. Alle spanne help opruim.

Kode 6: ‘n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.

Voortrekkervlag en os

Die slag van Bloedrivier

Voortrekkerwapen

☺ Wenke

1. Gee vooraf die kriteria waarvolgens die “kunswerke” beoordeel gaan word, byvoorbeeld kreatiwiteit, oorspronklikheid, netheid, kunstigheid en keuse van tema.
2. Reël vooraf met offisiere of ouers om as beoordelaars op te tree.
3. Onthou om pryse vir die wenspan saam te bring.
4. Reël vooraf met die spanlede wie die koek, versiersuiker, versierings (*jellytots*, *smarties,* ens.) gaan bring.
5. Hou die kompetsie naby die verjaarsdag van die Voortrekkers, byvoorbeeld in die week van 30 September.

☠ Waarskuwings

1. Maak seker dat alle spanlede en offisiere bewus is van die koekversierkompetisie. Dit is vir die span nie lekker indien hulle nie ’n koek het om te versier nie.
2. Daar is altyd spanne wat ongelukkig is oor die uitslag van die kompetisie. Wees dus voorbereid om sulke vrae te hanteer.

🕮 Bronne

1. Verkennerlewe